



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
6 Junie 2021

Ons is nou in Koninkrykstyl

Koninkrykstyl is die tyd tussen Pinkstertyd en Advent (dws van omtrent Junie tot November). Ons fokus in Koninkrykstyl op die rol van die kerk in die wêreld. In hierdie tyd is daar nie besondere kerklike feeste nie.

Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld.

Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyl op lewe, groei en vooruitgang.

Vanoggend se erediens: Nagmaal

Tema: Die nagmaal – God se spyskaart vir jou

Skriflesing: Ps 130

Jesus het die nagmaal ingestel omdat Hy geweet het ons het dit nodig. Die nagmaal vertel ons wie ons is.

Die nagmaal vertel ons wie God is. Die nagmaal is die fees van verlossing en dat ons behoort.



Ons Program

Vandag: Nagmaal

- 📖 **Nagmaal** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- 📖 Geen **Sondagskool** nie agv die nagmaal
- 📖 **Deuroffer:** Gemeentehulp (2de Kol)
- 📖 **Tee en verversings** – Dankie aan Wyk 3

Sondag 13 Junie:

- 📖 **Informele diens** om 9:30 olv ds Bertie Haasbroek van Universitas
- 📖 **Sondagskool**
- 📖 **Deuroffer:** Jeugbediening
- 📖 **Tee en verversings** – Modderrivier-Oos wyk

Kniekombersie met Eredienste

Lidmate is welkom om hul eie kniekombersie te bring tydens eredienste vir die koue. Ons skakel ook die onderbank-verwarmers aan.

Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelofenis art. 33

Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou. Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees. Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en die heilige nagmaal van Jesus Christus.

Ek glo ...

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Junie

- 6 Louis van der Westhuizen; **Kotie Du Preez (80j)**
- 8 Martiné du Toit; Madelein Van Zyl
- 9 Morné Nienaber
- 11 San-Marie Groenewald; Marietjie van Pletzen
- 12 Ona Oosthuizen

Veels Geluk

Huweliksherdenking

Junie

- 9 Andre & Elize Barnard (42j)

Nuwe lidmate

- Jorrie en Maryna Jordaan, hulle word deel van Wyk 3 met Leana Hugo as diaken en Daleen Krige as ouderling
- Johan en Estè van Niekerk, hulle word deel van Emmaus wyk met Marnus Nel as diaken en Dawie Meades as Ouderling

Baie welkom by ons, mag jul gou tuis voel en dit baie geniet hier by ons.



Voorbedding

Ons in die Vrystaat is reeds in die derde vlag van **Covid-19**.

- Bid vir die inentingsproses, en dat mense maskers sal dra, afstand handhaaf en hande was.
- Bid vir almal wat geraak word deur die Covid-19 pandemie.

Ds Jaco en Elmien Thom gaan met verlof

Die Thoms gaan (DV) van Woensdag tot 30 Junie met verlof wees.



Vrouebediening

Liewe Vrouelidmate

Ai, so het die tweede kwartaal gekom en gegaan sonder dat ons enige van die bymeakaarkomgeleenthede kon doen wat ons so graag sou wou. Dit beteken egter nie dat ons ophou om gelowiges te wees nie. Ek wil julle hiermee bemoedig om voort te gaan met liefdebetoning soos die Here dit op julle harte lê. Hierdie slegte tyd waarin ons “normaal” soos ons dit geken het, nie meer bestaan nie, is tóg ’n tyd waarin ons met hernude ywer na die Here kan luister deur Sy Woord en in ons daaglikse gebed. In opregtheid voor Sy aangesig: Coram Deo. Mag die Here ons Self inspireer om elkeen te weet hoe jý juis nou geroep is om Sy kind te wees.

Liefde in Jesus Christus, Elmien Thom

Dankbaarheidsjoernaal

Toe ek destyds die geestelike ervaring gehad het dat ek vir honger mense kos moet gee, nie omdat ek vir hulle jammer is nie, maar sodat die liefde van Christus daardeur openbaar kan word, het ek verstaan dat dit nie net om ’n honger vir kos gaan nie maar ook na ’n geestelike honger. Dit het vir ons ’n geleentheid gebied om ook weekliks, as ons kos-pakkies by die sopkombuis uitdeel, die boodskap van Jesus te verkondig. Dit op sigself was ook ’n ander geestelike ervaring en baie saad is gesaai.

Covid en die feit dat ons die gebou waarin ons gewerk het moes ontruim, het die prent heeltemal verander en daar het in ons hart ’n groot leemte ontstaan, veral as mense ons in die strate voorkeer en vra wanneer ons weer

*genade
dankbaar
geseen*

begin kerk hou. Een dag het die gedagte posgevat om dan eerder die geskrewe Woord na die mense te neem en verder te vertrou dat God vir die res sou sorg. Ons het dadelik 10 Bybels aangekoop en besluit om te probeer 100 of 200 Bybels aan te skaf en uit te deel.

Sonder dat ons enige reklame gedoen het maar net ons vertrou in die Here deur gebed geplaas het, het daar binne ’n paar weke die amper onmoontlike plaasgevind. Skielik het daar uit verskillende oorde bydraes in die vorm van Bybels en kontant ingestroom. Sels ’n vriend in Amerika het 110 Bybels gestuur. Ons het met die samewerking van die pastore wat ons met die kerk se finansiële hulp teologiese opleiding gegee het, ’n behoefte-bepaling oor hoeveel en in watter taalkeuses en waar daar behoeftes vir Bybels bestaan, gedoen.

Ons het dadelik aankope begin doen en het tot verlede Sondag reeds meer as 500 Bybels uitgestuur. Ons het nog net oor die 400 in voorraad en Dinsdag gaan haal ons nog 60 om die 1000 wat God in gedagte gehad het vol te maak. Ons deel ook in die volgende week of twee ’n verdere 400 bestellings uit en glo dat ons voor einde Junie 1000 Bybels in 1000 huise in Petrusburg en omgewing sal geplaas het. Kinderbybels is ook ingesluit. Dink net dat as daar net 5 mense in elke huis bly is 5000 mense aan die Woord van God bloot-gestel en omdat die Woord van God kragtig is, is ons oortuig dat God se plan vrug gaan dra. Ons het ook in elke Bybel ’n boekie geplaas oor hoe om die Woord te lees, ’n profetiese woord en ook ’n boekmerk en die Bybel met ’n mooi strikkie toegebind. Saam met die 1000 uitgestuurde Bybels het ons ook plus minus 5000 ander vorms van Christelike literatuur soos pamflette, kleiner geskifte oor die evangelie en ander bemoedigende leesstof beskikbaar gestel. Dit is vir my onmoontlik om in woorde my bewondering vir ons God uit te druk. Niks, maar niks is vir Hom onmoontlik nie en ons moet net gehoorsaam wees en vertrou. Baie dankie vir elkeen wat gehoorsaam was en bygedra het.

Miskien het Hy nie net 1000 Bybels in gedagte gehad nie, ek sal nie weet nie, maar sal uitdeel solank God dit van my verwag en voorsien dit wat ek nodig het. Phillip du Plessis

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		